

KERSKAMP, VAN STADENS

16 - 18 November 2018

Dit was weer tyd vir ons jaarlikse kerskamp. Die senior burgers het reeds vanaf die Donderdag gekamp. Die res van die lede het Vrydag deur die dag hul opwagting by Van Stadens gemaak.

Vrydagaand is die inbetaling gedoen waarna ek boekevat behartig het. Dit was 'n heerlike aand en almal het lekker saamgekuier rondom die braaivleis vure.

Saterdag was 'n lieflike warm dag. Daar is trapbootjies gery, sandduine geklim en sommige het net heerlik ontspan. Ons het begin met die voorbereidings vir die dag. Om twaalf uur het Esmerelde Bradley boeresport met klein en groot gedoen. Dit was groot pret. Oom Tjaart en Liana het so bietjie met eier op hul kop rondgeloop. Daar is ook lekkergoedpakkies, koeldrank en 'n boekie met kersstories vir die kinders uitgedeel. Die kinders het kans gekry om hul briefies vir kersvader te skryf en te pos.



KERSKAMP, VAN STADENS

16 - 18 November 2018

Om half ses was dit boekevat waarna kersvader sy opwagting gemaak het. Die arme man moes omtrent hardloop vir sy lewe toe die kinders hom gewaar. Die geskenke is uitgedeel en elke kind het 'n koelddrank en pragtige kolwyntjie gekry. Die kolwyntjie het tot 'n verrassing in die middel gehad.

Die senior burgers het ook elkeen hulle pakkies gekry. Na al die verrigtinge is daar verder heerlijk gekuier. Daar is rugby gekyk en die Springbokke het darem gewen.

Sondag oggend het ek die kersdiens behartig. Oom Tjaart het afgesluit en die plaatjies en toekeninge oorhandig. Na afloop van die diens het ons almal heerlijk saam gekoek en tee. Sommige lede het begin om op te pak terwyl ander nog eers lekker strand toe is en later gebraai het.

Baie dankie aan almal wat die kamp bygewoon het en bygedra het tot 'n suksesvolle naweek. Baie dankie ook aan almal wat 'n bydra gelewer het vir die boeresport, senior burgers se pakkies en die kinders se bederfies. Sonder julle sou al die dinge nie moontlik gewees het nie. Baie dankie vir tannie Poppie vir die tent se uitsleep en ook aan almal wat gehelp het om die tent op en af te slaan. Geseënde kersfees en voorspoed vir 2019. Die wat weggaan met vakansie moet asseblief veilig reis en die wat tuis bly geniet die tyd saam met jul geliefdes. - **Ischke Lambrechts**

